Wes-Boland Eisteddfod

MUSIEK

ALGEMENE REËLS EN VOORWAARDES VIR DIE MUSIEK KATEGORIEË:

1. 'n Deelnemer mag in sy eie Graad-afdeling of hoër deelneem.
2. Geen deelnemer mag 'n werk aanbied waarvoor hy/sy by 'n **vorige Wes-Boland Eisteddfod 'n toekenning** ontvang het nie.
3. **Let op dat alle instrumentale kategorieë ingedeel is volgens deelnemers se Graad op skool, en NIE die graad/standaard van die deelnemers op hul betrokke instrument nie.**
4. Kategorieë strek vanaf Gr. R tot Ope (vir volwasse deelnemers).
5. Elke duet-, trio- of ensemble-inskrywing word gedoen volgens die Graad (op skool) van die oudste deelnemer.
6. **Geen kopieë** van werke word saam met die inskrywings gestuur nie; dus sal geen verantwoordelikheid aanvaar word vir kopieë van werke wat op so 'n manier verlore mag raak nie.
7. Alle deelnemers moet 'n kopie van die bladmusiek saam met die video instuur. Indien 'n deelnemer nie aan hierdie vereiste voldoen nie, kan deelname geweier word.
8. Wees bewus daarvan dat beoordelaar aantekeninge op ingediende bladmusiek mag maak. Afskrifte word direk na die dag van beoordeling vernietig.
9. Alle werke is EIE KEUSE.
10. Lengte van werke word beperk tot 3 minute per item.
11. Dubbelgangers van alle orkesinstrumente is toelaatbaar in die onderskeie kategorieë.
12. Dit is belangrik om gebruik te maak van 'n goeie kwaliteit instrument. Die beoordelaar behou die reg voor om deelnemers te penaliseer vir intonasie en ander probleme, weens 'n swak gehalte instrument.
13. Alle werke aangebied moet by die ouderdom en ervaringsveld van die betrokke deelnemers pas.
14. Dit is belangrik dat u uself deeglik vergewis van die inhoud van die sillabus.
15. Indien u 'n inskrywing wil maak waarvoor daar nie 'n kategorie is nie, of 'n versoek wil rig vir enige spesiale vergunning, moet dit **skriftelik** gerig word aan die betrokke sameroeper VOOR die sluitingsdatum.
16. Indien daar enige vermoede bestaan dat 'n inskrywing nie voldoen aan die vereistes soos in die huidige sillabus uiteengesit is nie, behou die beoordelaar die reg om so 'n item te diskwalifiseer.
17. Daar word van alle deelnemers en hul skool/instansie/privaatonderwyser verwag om by die Wes-Boland Eisteddfod Reëls te hou.
18. Die beoordelaar se beslissing is finaal en geen kommunikasie met die beoordelaar sal toegelaat word nie.

Navrae kan gerig word aan:

Mev. Sania Potgieter Sel: 072 385 5691 sania@westcoastmusicacademy.co.za

INSTRUMENT AFDELINGS – KODES:

Klavier Klassiek	MU1
Klavier Kontemporêr	MU2
Klawerbord / Digitale Klavier	MU3
Tromme (Drum-kit)	MU4
Perkussie *(Xilofoon, Snaartrom, Glockenspiel, Marimba, Djembe, Timpani)*	MU5
Strykers *(Viool, Altviool, Tjello, Kontrabas)*	MU6
Houtblaas *(Fluit, Klarinet, Hobo, Fagot, Saksofoon)*	MU7
Koperblaas *(Trompet, Tromboon, Franse Horing, Eufonium, Tuba)*	MU8
Blokfluit	MU9
Kitaar *(Klassiek / Plektrum / Elektries / Bas / Ukulele)*	MU10
Ander Instrumente	MU11
Slagorkes	MU12
Ensembles	MU13
Elektroniese Ensembles /*Bands*	MU14
Orkeste (Stryk-, Blaas-, Gemengde-, Jazz-, Afrika-, Simfonie orkes)	MU15
KLASMUSIEK	MU16

ITEM AFDELINGS & RIGLYNE:

Die volgende Item Afdelings kan voor ingeskryf word en is op toepassing van alle instrumente, tensy anders genoem.

Solo
Konsertprogram *(3 stukke)*
Duet *(dieselfde 2 instrumente)*
Trio
Kwartet
Alternatiewe Duet *(student met onderwyser - Slegs Gr.R-3 studente. Beide instrumente dieselfde vir die item.)*
Gemengde Duet/Trio/Kwartet *(verskillende instrumente gekombineer)*
Concerto *(enige instrument)*
Duet op 2 Klaviere *('n gewone klavier en 'n digitale klavier sal beskikbaar wees)*
Klavierbegeleiding
Item *(bv. Bands / Orkeste)*

- Deelnemers mag 'n maksimum van **2 items lewer per item afdeling, per instrument** (behalwe vir die Konsertprogram wat reeds 3 stukke is) bv. **Solo A, Solo B, Duet A, Duet B, Kwartet A, Kwartet B**… ens.
- Neem kennis dat die inskrywingsfooi per stuk betaalbaar is, dus X3 vir 'n konsertprogram-inskrywing, of X2 vir Solo A en B.

KONSERTPROGRAM / JAZZ PROGRAM:

- Enige kombinasie van tot 3 Klassieke stukke mag aangebied word vir die Konsertprogram.
- Enige kombinasie van tot 3 kontemporêre / Jazz stukke mag aangebied word vir die Jazz Program.
- Werke sal direk na mekaar gespeel word.
- Konsertprogramme is **SLEGS** vir solo-instrumente & orkeste. NIE vir Duette, Trio's, Kwartette en ander Ensembles nie.
- Dubbelgangers van Orkesinstrumente mag afgewissel / gekombineer word in die Konsertprogram.

ALTERNATIEWE DUETTE:

- Leerders in Graad R tot 3 op skool mag saam met hul onderwyser(es) 'n duet speel. Die leerder moet die primo / leidende part speel. Slegs die leerder sal 'n sertifikaat ontvang.

ANDER:
- Alle Orkesinstrumente asook Blokfluit mag begelei word (slegs Klavierbegeleiding), asook Duette, Trio's, Kwartette, Ensembles.
- Enige grootte van instrumente word aanvaar (bv. by Strykers en Kitare).

Meer spesifikasies vir instrumente en inskrywings word hier onder uiteengesit:

KLAVIER KLASSIEK / KLAVIER KONTEMPORÊR

KLAVIER KLASSIEK
- Enige Klassieke / Kontrapuntale werke / Sonatas word aanvaar.
- In die geval van 'n Sonata, mag slegs EEN beweging van 'n Sonata gespeel word.

KLAVIER KONTEMPORÊR
- Geen oorspronklike Klassieke werke sal in hierdie kategorie aanvaar word nie, maar slegs verwerkings daarvan.
- Jazz, of enige ander kontemporêre / ligte klavierwerke word aanvaar.
- Improvisasietegnieke mag toegepas word.
- In die geval van verwerkings hoef slegs die basiese struktuur van die werk aan die beoordelaar oorhandig te word.

DUET 2 KLAVIERE:
- Items op 3 en meer Klaviere val onder die Ensemble afdeling.

KLAVIER BEGELEIDING

- In hierdie afdeling word slegs die begeleier beoordeel en slegs die begeleier ontvang 'n sertifikaat.
- Inskrywing moet gedoen word volgens die graad (op skool) van die **begeleier**.
- Enige werk, of solo-instrument word aanvaar.
- Let daarop dat die standaard van die begeleiding gepas moet wees by die ouderdom en ervaringsveld van die begeleier.
- In die geval waar 'n solis ook in 'n ander afdeling meeding en die begeleier ook vir hierdie afdeling wil inskryf, moet dit u dit asb. per e-pos onder die sameroeper se aandag bring.

KLAWERBORD / DIGITALE KLAVIER

- Die toepassing van improvisasietegnieke is toelaatbaar. In so 'n geval word die basiese struktuur van die werk aan die beoordelaar oorhandig met beoordeling.
- Indien deelnemers op 'n swak model klawerbord speel wat nie voldoen aan die nodige vereistes volgens die standaard van die deelnemer nie, behou die beoordelaar die reg voor om die deelnemer te penaliseer/diskwalifiseer.
- Verkieslik moet die deelnemer van die klawerbord se outomatiese begeleiding gebruik maak, met akkoorde in die linkerhand, asook outomatiese Intro, Fill, Ending en enige ander funksie wat die klawerbord bied.
- Indien outomatiese begeleidingsfunksies nie gebruik word nie, sal die gebruik van improvisasie-tegnieke in die speler se guns tel.

BLOKFLUIT

SOLO'S

- Sopraan- of Altblokfluitwerke mag ook alternatief op die Tenoor- of Sopranino / Bas-blokfluit aangebied word.

DUETTE/TRIO'S/KWARTETTE

- Enige kombinasie van blokfluite (geen ander instrument nie) is hier toelaatbaar.

HOUTBLAAS

SOLO'S

- Fluit, Piccolo, Fife, Klarinet, Saksofoon, Fagot, Hobo en alle dubbelgangers en/of enige moderne plastiek plaasvervangende instrumente val hieronder.
- Fife en Cor Anglais word ook toegelaat.

DUETTE/TRIO'S/KWARTETTE

- Enige kombinasie van houtblasers is hier toelaatbaar (geen ander instrument nie).
- Sien Gemengde Duette en Trio's / Ensemble-kategorie vir meer.

KOPERBLAAS

SOLO'S

- Trompet, E-mol Horing, Eufonium, Franse Horing, Skuiftrompet, Tuba en alle ander tipe koperblasers en/of enige moderne plastiek plaasvervangende instrumente val hieronder.

DUETTE/TRIO'S/KWARTETTE

- Enige kombinasie van koperblasers is hier toelaatbaar (geen ander instrument nie).
- Sien Gemengde Duette en Trio's / Ensemble-kategorie vir meer.

STRYKERS

SOLO'S

- Viool, Altviool, Tjello, Kontrabas van alle groottes val hieronder.

DUET/TRIO'S/KWARTETTE

- Enige kombinasie van strykers is hier toelaatbaar (geen ander instrument nie).
- Sien Gemengde Duette en Trio's / Ensemble-kategorie vir meer.

KITAAR

SOLO'S

- Alle tipe kitare (Klassiek, Plektrum, Elektries, Bas en Ukulele) word hierby ingesluit.
- Klassieke kitare mag NIE van klankversterking gebruik maak nie.
- Slegs plektrum-, elektriese- en baskitare mag van klankversterking en/of begeleidingsnitte (*backtracks*) gebruik maak.

DUETTE/TRIO'S/KWARTETTE

- In hierdie kategorie mag enige kombinasie van kitare gebruik word.
- Geen begeleidingsnitte mag hier gebruik word nie.
- Sien Gemengde Duette en Trio's / Ensemble-kategorie vir meer.

TROMME (Drum-kit):

SOLO'S

- Tradisionele 'Drum-kit' val in hierdie kategorie.
- Begeleidingsnitte *(backtracks)* mag gebruik word vir tromme.
- Tromme mag ook onbegeleide solo's speel.
- **Neem kennis: "Drumlines" val onder die Ensemble kategorie.**

DUETTE/TRIO'S

- Twee of drie spelers (veral jong kinders) mag saam op een tromstel speel vir 'n Duet of Trio item.

PERKUSSIE / DJEMBE'S / AFRIKA-PERKUSSIE

SOLO'S

- Afrika tromme / Djembe's / Perkussie (melodies / nie-melodies bv. Snaartrom, Timpani, Glockenspiel, Marimba, Xilofoon) mag ook onder hierdie afdeling aangebied word. (Meld spesifieke instrument met inskrywing).
- Enige akoestiese begeleiding (bv. klavier) word aanvaar vir Djembe's, Glockenspiel, Marimba, Xilofoon, ander perkussie, maar **geen *backtracks***.
- Perkussie instrumente mag gekombineer word in 'n Konsertprogram, bv. Marimba, Snaartrom, Timpani.
- **Neem kennis: "Drumlines" val onder die Ensemble kategorie.**

GEMENGDE DUETTE/TRIO'S/KWARTETTE

- Duet/Trio: Enige kombinasie van instrumente sonder klankversterking mag gebruik word, bv. 'n trio vir viool, saksofoon en fluit.
- Elektroniese Duet/Trio: Enige kombinasie van akoestiese en/of slegs klankversterkte instrumente insluitende, elektriese- en baskitaar asook tromme kan gebruik word.
- **Meld spesifiek watter instrumente deel is van hierdie item** (vir programdoeleindes).

ENSEMBLES

- Moet uit **5 tot 15** spelers bestaan.
- Die ensemble mag dirigeer word deur 'n dirigent, indien nodig.
- Enige KOMBINASIE VAN INSTRUMENTE mag hier aangewend word. Dit mag insluit Houtblaas-, Koperblaas-, Strykers, Blokfluite, Slag-/Orff-instrumente, Kitaar en Klavier,
- Perkussie Ensembles mag ook hier aangebied word, bv. 'n **"Drumline"**.
- Indien begeleid, sal slegs Klavierbegeleiding aanvaar word. Geen begeleidingsnitte *(backtracks)* word aanvaar nie (andersins, sien Elektroniese Ensembles).
- **KLAVIERE:** 3 of meer klaviere gekombineerd as klavier-ensembles, val ook onder hierdie afdeling.
- Maksimum tydsduur per item: 3 minute.
- **Meld spesifiek watter instrumente aan 'n item deelneem** (vir programdoeleindes).
- Ensembles mag 2 items lewer deur slegs 1x die groepsinskrywingsfooi (R300) te betaal, mits dit dieselfde spelers is vir albei items.

ELEKTRONIESE ENSEMBLES / *BANDS*

- Reëls soos uiteengesit in die Ensemble afdeling, maar mag van klankversterkte instrumente en/of *backtracks* gebruik maak.
- *BANDS* móét klankversterkte instrumente gebruik.
- Maksimum tydsduur per item: 3 minute.
- **Meld spesifiek watter instrumente aan 'n item deelneem** (vir programdoeleindes).

ANDER INSTRUMENTE:

- Enige ander tipe instrument wat nie onder enige van die ander afdelings in die huidige sillabus val nie, kan onder hierdie afdeling ingeskryf word.
- Reëls soos vir ander instrumentale solo-afdelings geld.

SLAGORKESTE:

- Enige aantal spelers word aanvaar, maar SLEGS LEERDERS mag deelneem en dirigeer.
- Klavierbegeleiding mag deur 'n leerder of die afrigter gespeel word.
- Tradisionele Slaginstrumente moet gebruik word en mag melodies en/of nie-melodies wees en gekombineer word na willekeur, bv. Driehoek, Sleëklokkies, Houtblokke, Maracas, Simbaal, Trom, Glockenspiel, Xilofoon, Guiro, ens.
- Geen 'melodicas' gebruik mag gebruik word nie.
- Sang en/of spraak en/of liggaamsperkussie is toelaatbaar.
- Blokfluit is toelaatbaar, maar moet liefs nie oorheersend wees.
- Kitaar mag gebruik word as begeleiding, maar dan sonder klavier.
- **Vooraf-opgeneemde begeleidings *("backtracks")* word toegelaat en sal in dieselfde afdeling as die tradisionele slagorkeste beoordeel word, en nie apart nie.** Elektroniese begeleiding sal nie slagorkes beoordeling bevoordeel nie.
- Slagorkeste groter as 10 mag 2 items lewer deur slegs 1x die groepsinskrywingsfooi te betaal, mits dit dieselfde spelers is vir albei items.
- Maksimum tydsduur vir twee stukke saam: 6 minute.
- Eie komposisies en verwerkings word aanvaar, indien voldoen aan vereistes.
- 'n **Tydsbeperking van 10 minute** word gegee vir opstel en opstap.

KLASMUSIEK

- Hierdie afdeling bied die geleentheid vir ander groepsdeelnames wat nie slegs van Tradisionele Slaginstrumente gebruik maak nie.
- Hierdie afdeling is ook vir deelnames wat in KLASVERBAND afgerig word by skole, waar bv. alle leerders in die klas verplig is om deel te neem (nie uitgesoekte leerders nie).
- Groepe moet groter as 10 leerders per groep wees.
- Hier mag enige instrument of kombinasie van instrument gebruik word: tradisioneel, orkes-, nie-tradisioneel, liggaamsperkusie en selfs tuisgemaakte instrumente. Hier is geen beperking op kombinasie of tipe instrumente nie.
- Geen danspassies word hiermee saam toegelaat nie.
- Bv. groepe van die volgende instrumente: **Ukuleles, Blokfluite, Strykers, Blasers, Perkussie, Boomwhackers, Bucket Drumming, Desk Bells, Fluitjies, slegs Glockenspiels, slegs Xilofone, Liggaamsperkussie, Selfgemaakte instrumente**, of self 'n kombinasie van bogenoemde.

- Klavierbegeleiding of elektroniese begeleiding *("backtracks")* word aanvaar, en val in dieselfde kategorie. Begeleiding mag deur 'n onderwyser of leerder gedoen word.
- Items mag deur 'n leerder of onderwyser dirigeer word, of daarsonder speel.
- Groepe word beoordeel in skoolgraad-verband en geen onderskeid word getref tussen die tipe instrumente of instrument-kombinasies nie.
- 'n **Tydsbeperking van 10 minute** word gegee vir opstel en opstap.

ORKESTE
Strykorkes • Blaasorkes • Gemengde orkes • Simfonie orkes • Jazz-orkes • Afrika orkes
(ook met tradisionele instrumente met/sonder beweging en sang)

- Moet uit **16 of meer** spelers bestaan (geen maksimum beperking).
- Die orkes moet dirigeer word.
- Geen klankversterking mag gebruik word nie.
- Orkeste mag tot en met 3 items lewer (Konsertprogram) deur slegs een maal die groeps-inskrywingsfooi te betaal, mits dit dieselfde spelers is vir die 3 items.
- Enige KOMBINASIE VAN INSTRUMENTE mag hier aangewend word, afhangende van die tipe Orkes wat inskryf. Dit mag insluit Houtblaas-, Koperblaas-, Strykers, Blokfluite, Perkussie, Kitaar en Klavier.
- 'n **Tydsbeperking van 10 minute** word gegee vir opstel en opstap.

<u>TOEKENNING VAN PRYSE (SOLO'S tot KWARTETTE)</u>:

KATEGORIEË vir BESTE:
Solo / Konsertprogram / Duet / Alternatiewe Duet (slegs Gr. R-3) / Trio / Kwartet / Gemengde Duet, Trio of Kwartet

word toegeken in ELK van die volgende afdelings:

AFDELINGS:
Gr. R-3
LAERSKOOL
HOËRSKOOL
OPE

in ELK van die volgende instrumente of seksies:
(Dubbelgangers van orkes-instrumente sal in ag geneem word indien daar inskrywings daarvoor was en die punte toegeken dit regverdig, en die beoordelaar besluit om dit toe te ken).

KLAVIER KLASSIEK
KLAVIER KONTEMPORÊR
VIOOL
ALTVIOOL
TJELLO
KONTRABAS
BLOKFLUIT (Sopraan & Alt)

FLUIT / PICCOLO
HOBO
KLARINET
SAKSOFOON
TROMPET
TROMBOON
FRANSE HORING
EUFONIUM
TUBA
KLASSIEKE KITAAR
AKOESTIESE KITAAR
ELEKTRIESE KITAAR
BASKITAAR
UKULELE
DRUM-KIT
PERKUSSIE (vir afsonderlike Klassieke Perkussie instrumente)
KLAWERBORD / DIGITALE KLAVIER
CONCERTO (enige instrument)
ANDER INSTRUMENTE

<u>TOEKENNING VAN PRYSE (groter groepe)</u>:

AFDELINGS:
Gr. R-3
LAERSKOOL
HOËRSKOOL
OPE

word toegeken aan die volgende:

ENSEMBLES (van dieselfde instrumente / seksie van instrumente)
GEMENGDE ENSEMBLES (ander kombinasie van instrumente)
ELEKTRONIESE ENSEMBLES
BANDS
ORKESTE (Stryk, Blaas, Gemeng, Jazz, Afrika, Simfonie)
SLAGORKESTE
KLASMUSIEK